Volgelinge van Jesus
NG Meyerspark

Goeie Nuus

Maandblad van Ned Geref Kerk Meyerspark

Jaargang 17 Nommer 4 Oktober 2020

Lente - Nuwe lewe

Nà die besonder koue winter, het dit meteens sommer warm geword en is die natuur aan die ontwaak.

Oral rondom ons beleef ons die tekens van nuwe lewe. Blomme in oranje en geel, rooi en pers, afgewissel met wit en blou teen die agtergrond van die nuwe grasgroen blaartjies aan bome wat nou die dag nog kaal was … Dis of die nauur losbars in ‘n loflied aan die Skepper wat alles so mooi gemaak het.

Dit bring ook in ‘n mens ‘n tinteling van opgewondenheid om saam te jubel en uitbundig te kan uitroep: **Hoe groot is U!!**

Matteus 6:28(b)-30

Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. 29Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. 30As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

Om virtueel te “preek”

Al kan ons nie soos gewoonlik bymekaarkom nie, het lidmate deur die tegnologie die voorreg om tog eredienste op fone en rekenaars te ontvang.

Om sò ‘n erediens saam te stel, is nogal ‘n uitdagende proses:

- Eerste moet daar op die gewone manier preek gemaak word.
- Daardie preek is egter te lank en die doel is om die hele diens in minder as sowat 12-15 minute af te handel ter wille van die data. Nou moet besluit word wat is in en wat is uit.
- Dan moet die hele diens op powerpointskyfies ingetik word, saam met gebede, ens.
- Daarna volg die illustrasies en mooimaak van die skyfies.
- Die volgende stap is om die bewoording in te lees, soms meer as een keer om dit reg te kry. Die klank word dan ge-”trim” om stoornisse uit te sny en oorgange glad te kry.
- Daarna word dit omgesit in ‘n video en die video word “compress” sodat dit so min moontlik data gebruik.
- Die volgende stap is om dit om te skakel in ‘n formaat dat dit per WhatsApp uitgestuur kan word.
- Die finale stap is dan om daardie diens in vier formate uit te stuur: as ‘n video sonder klank en een met klank; ‘n weergawe met net die klank; asook op sommige e-posadresse, asook die video op youtube.

Ons dank die Here vir die tegnologie wat ons in staat stel om die Woord te midde van die moeilike omstandighede te kan bedien.

Om rekenskap te gee

Aan die einde van ‘n verksriklike deurmekaar jaar waarin niks normal verloop het nie, is die eksamendatums (uiteindelik) vasgestel. ‘n Proffie het gesê: “Eksamen is ‘n vriendelike gesprek tussen twee medestudente “….?!!? Ons gebed vir al ons matrikulante, skoliere, studente en almal wat op een of ander vlak moet rekenskap gee: “’n Helder verstand; ‘n vinnige hand; en baie genade van Bo”. En veral sterkte aan al die ouers met senuwees wat knaag en die kalm hou van oorspanne kinders!

Om God te verHEERlik

Die Verheerlikbediening se doel is om die gemeente te lei om die Drie-enige God op elke terrein van die gemeentelewe Here oor alles te laat wees.

Vanuit die eredienste as sentrale aanbiddingspunt word geleenthede soos gebedsbyeenkomste en spesiale dienste met die oog op die kerklike jaar gereël. Hulle gee ook aandag aan sake soos die die gemeentesang en simbole binne en buite-om die kerk, maar hulle reël ook die dienswerk wat met eredienste gepaard gaan.

Hierdie bediening vorm die hart van ons gemeente-wees en het ‘n groot invloed op die geestelike atmosfeer in die gemeente.

Alles help egter niks sonder die hartlike deelname van jou as lidmaat nie. Kom ons gebruik elke geleenheid om die Here saam te verHEERlik.

Kom verHEERlik saam

Op die terrein van die Verheerlikbediening is daar ruim geleentheid vir gemeentelede om betrokke te raak. Dit sluit in:

- Deurdienste met eredienste;
- Beman klank– en projeksieapparaat;
- Erediensdiakens—ook met Nagmaal;
- Kerklike simbole en versiering;
- Reël van Via Dolorosa;
- Sendingvoorlesing;
- Spesiale dienste;
- Gebedsgeleenthede;
- En nog meer.

As jy voel jy wil graag by een van hierdie aspekte inskakel, al woon jy nie vergaderings van die bediening by nie, skakel gerus vir **Wessel Rossouw** by **073 248 4860** om verdere inligting te kry en sommer vir diens aan te meld.

Meyerspark bid saam

Met die koms van covid-19 het die bidure Woensdae vir eers opgehou. Van Oktober af gaan dit egter weer hervat word, elke Woensdag om 07:00 by die kerk. Almal word hartlik daarheen uitgenooi.

Dan is daar ook maandeliks ‘n geleentheid waar daar saam met ander kerke gebid word. Vooraf word riglyne oor ‘n aktuele saak, wat deur een van die deelnemende kerke uitgewerk is, versprei. Op die derde Dinsdag van die maand is daar dan ‘n gesamentlike gebedsgeleentheid.

Almal is ook daar welkom—hou gerus die Basuin dop vir verdere reëlings daaroor.

Onthou: God werk waar Sy kinders bid...

Daaglikse gebede

Daar word elke dag per SMS en WhatsApp kort gebedsonderwerpe uitgestuur. Dit handel oor een of ander saak wat ons almal se lewens raak. Lid– mate word gevra om iewers in hulle dag tyd in te ruim om daaroor te bid.

As jy dit ook graag wil ontvang, kontak gerus die kerkkantoor by 012 803 1531

Humor

Ma loop met Kriewel Kerneels uit die kerk uit. Ds: “Ag, suster, hy pla my glad nie. “ Ma steek vas en kyk dominee in die oë: “Ja, maar jy irriteer hom!”

KONTAK:

Marietjie/Ingrid 012-8046014 vir besigtiging
Webwerf: www.renaissance-aftreeoorde.co.za

Beroepproses van nuwe leraar

Die Kerkraad het tydens sy vergadering op 28 September besin oor die proses om ‘n nuwe leraar te beroep met die oog op ds Izak Liebenberg se aftrede volgende jaar. As deel daarvan het hulle gekyk na die terugvoer wat vanaf die gemeente ontvang is. Dit word hieronder weergegee. Die volgende vergadering gaan plaasvind op 19 Oktober wanneer daar verder gegaan sal word met die besinning. Daar is moeilike besluite wat hulle sal moet neem in onseker en uitdagende tye. Daarom word die gemeente se voorbidding gevra vir die vergadering van die 19de, maar ook vir die hele proses wat in die volgende paar maande afgehandel moet word.

RESULTAAT - TERUGVOER T.O.V. GEMEENTEVRAELYS OOR NUWE LERAAR

Aantal vraelyste terugontvang: 64

	Jonger as 35	35-45	46-55	56 en ouer
Ouderdomsverspreiding	7	26	21	7

EREDIENSTE		1	2	3	4	5
Gereformeerde liturgie	a	4	4	10	9	35
Gebruik Multimedia	b	5	4	11	18	22
Skrif- en belydenisgetrou	c	1	2	3	9	47
Soms nuwe formaat eredienste	d	5	2	14	37	15
Aparte gesinsdienste	e	9	8	13	12	19

PASTORAAT	1	2	3	4	5
Gereelde Huisbesoek	2	15	19	9	17
Gereelde hosiptaal-siekebesoek	2	3	4	12	43

	1	2	3	4	5
UITREIKAKSIES	2	5	22	20	13

SENDINGAKSIES	1	2	3	4	5
	2	5	20	22	14

Sommige van die opmerkings op die vraelyste:

- Die formaat van Gesinsdienste en Eredienste moet ooreenstem.
- Aandag moet geskenk word aan die behoeftes van jong volwassens (19 – 35 jaar ouderdomsgroep).
- Die nuwe Leraar moet ‘n omgee-mens wees.
- Die nuwe Leraar moet beskik oor ondervinding/kennis van berading.
- Uitreik/sending ervaring is belangrik.
- Die nuwe Leraar moet instaat wees om kinders in die Erediens te akkomodeer.
- Fokus op Omgeegroepe is belangrik.
- Fokus op die vestiging van ‘n Gemeenskapskerk.
- Huisbesoek is belangrik, veral aan nuwe intrekkers.

KERSMARK 28 NOV

Lentefees word Kersmark

Hier's die resep: 'n Lentefees wat uitgecovid is; 'n gemeente waarvan die inkomste onder druk is; groeiende nood in die gemeente en gemeenskap; en 'n groep ywerige lidmate. En die produk: **Kersmark.**

Meyerspark gaan op **28 November** Kersmark met 'n verskil hou. Gemeentelede en groepe word gevra om hulle verbeelding vrye teuels te gee om te maak, te bak, uit te sorteer, en enigiets verder wat verkoopbaar is, te skenk sodat dit daardie dag verkoop kan word. Dink dalk aan iets wat 'n kersgeskenk met 'n verskil sal wees… of die koekieblik wat met vakansie moet gaan…. Of dalk daai ding wat in jou pad lê….

Nadere reëlings sal in die Basuin en volgende Goeie Nuus gegee word. Kontak gerus vir Rensché Smit by 074 588 9588 as jy enige vrae of voorstelle het.

Hoe gaan Kersmark werk..?

Nee, dit gaan nie 'n basaar wees met stalletjies waar mense jou bedien nie. Dit gaan werk soos 'n selfdienwinkel. Om seker te maak dat niemand onnodig in gevaar gaan kom nie, sal al die voorgeskrewe protokolle nagekom word.

Die saal gaan ingerig word soos 'n supermark met tafels wat al om die kante uitgepak is, en dalk in die middel ook. Die ware gaan vooraf op die tafels uitgepak word en niemand gaan jou bedien nie.

Jy gaan dan by een deur inkom met jou eie mandjie / sak / trollie /of wat ookal, en die items wat jy wil koop, bymekaar maak. Dan gaan jy by die ander deur uitstap waar iemand gaan wees wat jou betaling gaan ontvang.

Ons wil sommer nou reeds dankie sê vir almal wat gaan maak, skenk, aflewer, en ondersteun sodat dit 'n groot sukses gaan wees.